24. Teologiese Skool

24.1 RAPPORT VAN DIE KURATORE VAN DIE TEOLOGIESE SKOOL (Artt 104, 105, 149, 179, 188, 213, 239)

A. Mev A Moerdyk, Registrateur van die TSP, lewer die Rapport. Voortvloeiend uit die Rapport TSP, word toeligting gegee by wyse van 'n oudio-visuele aanbieding oor die TSP.
B. Prof A le R du Plooy, dekaan van Fakulteit, verskaf verdere inligting rakende die aanbieding. Vervolgens stel hy prof A Combrink, rektor van die Potchefstroomkampus van die NWU, aan die vergadering voor.
C. Prof A Combrink rig 'n groeteboodskap namens die NWU tot die Sinode.
D. Prof BJ de Klerk, rektor van die TSP, rig enkele dankwoorde vir die ondersteuning wat die skool van binne en van buite ontvang het die afgelope 3 jaar. Vervolgens oorhandig prof De Klerk 'n bepaalde bedrag as deel van 'n vroeëre onderneming deur die TSP aan die Rektor van die NWU.
E. Dr WC Vergeer rig namens die vergadering 'n dankwoord aan die TSP, Fakulteit Teologie en die rektor van die NWU, prof A Combrink. Die Sinode sing Ps 128:4 as seënbede.
F. **Besluit:** Die Rapport word verwys na Kommissie Teologiese Skool. Finansiële sake word verwys na die Kommissie vir Finansies.
G. Dr PH Heystek rapporteer namens die Kommissie Teologiese Skool.
H. Ds J van Schaik rapporteer namens die Kommissie vir Finansies.

I. **RAPPORT**

1. Opdrag

Die Kuratorium van die Teologiese Skool Potchefstroom behartig die beheer en toesig oor die diens van opleiding wat deur die professore van die Teologiese Skool Potchefstroom verrig word, asook die toesig oor die teologiese studente. *(Prospektus van die Teologiese Skool van die GKSA Potchefstroom 1997:Hoofstuk 3), (vgl Acta 1988:400-403.)*

Besluit: Kennis geneem.

2. Sake vir kennisname deur die Sinode

2.1 *Die Kuratorium*

2.1.1 Breë Kuratore

Die Kuratore het in Junie 2005 besluit om volgens die vroeëre ooreenkoms tussen die Kuratorium en die Universiteit met betrekking tot kapasiteitsbouposte dr RS Letsosa by wyse van approbasie te beroep vir die vakature wat in Praktiese Teologie ontstaan by die emeritering van prof CJH Venter. Die Breë Kuratore het op 3 Januarie 2006 'n beroepingsvergadering gehou en prof RS Letsosa beroep as professor in Praktiese Teologie.

Die konstituering van die Kuratorium het op 11 Januarie 2006 plaasgevind.

Die Breë Kuratore is op 20 Junie 2007 opgeroep vir 'n beroepingsvergadering om 'n professor in Kerk- en Dogmageskiedenis en Latyn te beroep. Prof PH Fick is beroep.

2.1.2 Verkiesing van Voorsitter van die Kuratore 2006

Ds PJ van der Walt is verkies as voorsitter van die Kuratore en dr DG Breed is as ondervoorsitter verkies. Dr G Breed is as lid van die Breë Dagbestuur verkies. Dr HG Stoker is as Skriba verkies en finansies is opgedra aan ds EJ Tiemensma.

2.1.3 Verkiesing van verteenwoordiger op die Raad van die NWU

Die oorspronklike oprigters van die Universiteit het verteenwoordiging op die Raad van die voormalige PU vir CHO gehad. Die nuwe Raad van die NWU het geoordeel dat gemeenskapsleiers verteenwoordiging op die Raad moet hê en dat elke kampus 'n

verteenwoordiger kan benoem. Die eenparige aanbeveling van die uitvoerende bestuurskomitee van die Potchefstroomkampus was dat dié persoon benoem word uit die geledere van die oorspronklike oprigters. Prof AL Combrink het ‘n versoek gerig dat daar uit die November 2007 Kuratorevergadering ‘n persoon benoem moet word. Dr DG Breed is dmv ‘n stemming as verteenwoordiger op die Raad van die NWU verkies.

2.2 *Die Senaat TSP*

2.2.1 Rektoraat

Prof JM Vorster het op 31 Desember 2006 as Rektor van die Teologiese Skool uitgetree. Die Kuratorium het sy dankbaarheid teenoor prof Vorster uitgespreek vir die wyse waarop hy as Rektor van die Teologiese Skool gedien het. Prof BJ de Klerk is as Rektor aangewys vanaf 1 Januarie 2007 tot 31 Desember 2009. Prof GJC Jordaan is vir dieselfde termyn aangewys as viserektor.

2.2.2 Doserende personeel

2.2.2.1 Publikasies, konferensies en seminare

Sien Aanvullende Rapport.

2.2.2.2 Vakatures

Daar bestaan geen vakatures by die Teologiese Skool.

2.2.2.3 Emeritaat

Geen professore het geëmeriteer in die tydperk 2006–2008 nie.

2.3 *Administratiewe personeel*

Die volgende administratiewe personeel is tans in diens van die Fakulteit Teologie en die TSP (waar aangedui):
Registrateur: Mev A Moerdyk (50% TSP)
Administratiewe Assistent: Mev A van der Walt (50% TSP)
Sekretaresse van Dekaan en Rektor: Mev E Brazer (50% TSP)
Sekretaresse van Skooldirekteur Kerkwetenskappe: Mev N Bothma (100% TSP)
Sekretaresse van Skooldirekteur Bybelwetenskappe en Antieke Tale: Mev HP Buys
Sekretaresse van Navorsingsdirekteur: Mev A Liebenberg
Administratiewe Assistent Kantoor vir Verspreide leer: Mev T Erwee

2.4 *Ander personeel by TSP*

Bibliotekaris Jan Lion-Cachet Biblioteek: Mev G van Rooyen (personeellid van Ferdinand Postma Biblioteek, NWU)
Argivaris: Mev C Huisman (personeellid van Administratiewe Buro)

2.5 *Buitelandse besoekers deur die Senaat ontvang*

Sien Aanvullende Rapport.

2.6 *Studente*

2.6.1 Afgestudeerde studente

Die volgende studente het sedert Sinode 2006 die Kandidaatstudie voltooi:
November 2006: TM Budeli, P Cilliers, PJ Grobler, RS Hobyane, C Jooste, S le Cornu.
November 2007: LP Baloyi, RP Buys, TP Diphoko, PT Masase, MG Mdluli, JC van Dyk, LP van Jaarsveld, DG Zwemstra.
Die volgende studente is in die finalejaar van die Kandidaatstudie: DJ Dykstra, GJ Erasmus, RB Fourie, RP Gouws, R Jansen van Vuuren, AJ Rossouw, DJJ Strydom, WM van der Waal en LJE Venter.
Die Kuratore het aan die volgende broeders toestemming verleen om eers verder voltyds te studeer voordat hulle aangemeld het vir eksaminering deur ‘n Partikuliere Sinode: broeders P Cilliers (vir MTh-studie), H Goede (vir PhD-studie) en JS Swanepoel (ook vir PhD-studie), DJJ Strydom (vir MTh-studie).

2.6.2 Kandidaats 1 tot 6 studente

Die getal Kandidaatstudente in 2008 is soos volg:
Kandidaats 1: 8
Kandidaats 2: 11
Kandidaats 3: 13
Kandidaats 4: 8
Kandidaats 5: 8

Kandidaats 6: 9

2.6.3 Dissiplinêre sake

Drie broeders se kandidaatsstudies is in 2006 op aanbeveling van die TSP Senaat getermineer agv swak akademiese prestasie.

Agt broeders se kandidaatsstudies is in 2007 op aanbeveling van die TSP Senaat getermineer agv swak akademiese prestasie.

2.7 *Algemene sake wat die Kuratorium hanteer het*

2.7.1 Samestelling van KFO

Die Junie 2006-Kuratorevergadering keur die voorstel goed. Die KFO sal in die toekoms soos volg saamgestel word: Die Kommissie bestaan uit predikante van die Gereformeerde Kerke in Potchefstroom wat teologiese studente onder hulle sorg het, indien nodig predikante wat deur die Beursekomitee gekoöpteer word, twee teologiese professore wat deur die Kuratorium benoem word, ampshalwe die Rektor van die Teologiese Skool, Kuratore (finansiële kommissie) deur die Kuratorium benoem, die Registrateur van die Teologiese Skool, en op uitnodiging die volgende twee amptenare: een amptenaar vir beurse en lenings van die NWU en die Direkteur van die Administratiewe Buro. Die Dagbestuur word soos volg saamgestel: Rektor (ampshalwe voorsitter), een teologiese professor, twee Kuratore, een predikant en die Registrateur van die Teologiese Skool.

2.7.2 Buitengewone toelatings tot die bediening

Br LP Ndou (tevore van die Uniting Presbyterian Church), drr BA DeVries en AG Miskin (beide van Amerika), en br SP Mentjies (tussen 2000 en 2005 ‘n student in teologie aan die Universiteit van die Vrystaat) het suksesvolle colloquia afgelê en voorgeskrewe preke geslaag op grond waarvan besluit is om die Kandidaatsertifikaat aan hul toe te ken.

Verdere aansoeke is van kandidate ontvang wat tans besig is om volgens die voorskrifte van die TSP Senaat sekere akademiese en praktiese werk te doen met die oog op die verwerwing van die Kandidaatsertifikaat.

2.7.3 Nuwe Bybelvertaling

Die Kuratore het in Junie 2004 kennis geneem van die besluit van die Bybelgenootskap om voort te gaan met ‘n nuwe brontaalgerigte vertaling van die Bybel in Afrikaans waarby van die professore aan die TSP vir die volgende 10 jaar waarskynlik betrokke sal wees. Hierdie besluit is met groot dankbaarheid ontvang, aangesien die GKSA via sy Sinodale Deputate al 10 jaar gelede by die BGSA die versoek tot so ’n vertaling gerig het. Die Kuratorium het hom in beginsel bereid verklaar om professore van die TSP vir sodanige vertaalprojek beskikbaar te stel binne die raamwerk wat deur die BGSA voorgestel word.

Die professore wat betrokke is by die Bybelvertaling is: proff JJ Janse van Rensburg, GJC Jordaan, PP Krüger, HF van Rooy en FP Viljoen. Die verwagting is dat bogenoemde professore vanaf 2009 tot 2015 van tyd tot tyd volgens ‘n program van die Bybelgenootskap aktief by die vertaling betrokke gaan wees.

Die Kuratore wil graag die kundigheid van sy biblioloë en brontaalkenners tot beskikking van die Bybelgenootskap (en dus die kerke) stel. Dit is nodig dat daar deur middel van *locum tenentes* voldoende werkslasvermindering plaasvind. Vir hierdie *locum tenentes* moet begroot word deur die Deputate Bybelvertaling, aangesien die honoraria wat die Bybelgenootskap aan die betrokkenes betaal, beskou word as blote honoraria vir die persoonlike tyd wat deur die projek in beslag geneem word.

Die Kuratore versoek die Sinode om ter wille van die vertaling van die boeke van die Bybel, aan die Deputate Bybelvertaling opdrag te gee om vir *locum tenentes* te begroot vir die jare 2009 tot 2011. Die bedrag moet jaarliks in Februarie aan die TSP oor betaal word en beloop die volgende (vergelyk Kuratore-notule van 18 Junie 2008 in Ongepubliseerde Bylae):

- 2009: R63 560
- 2010: R49 450 (plus inflasiekoers)
- 2011: R23 000 (plus inflasiekoers)

2.7.4 Hersiening van die Reglemente van die Jubileumfondsbeurs en Kas vir Teologiese Studente

Die Kuratore het besluit dat die Jubileumfondsbeurs beskikbaar gestel kan word om die Kas vir Teologiese Studente aan te vul of om studente te help wat ingeskryf is vir nagraadse teologiese studies en die Reglement dienooreenkomstig aangepas, ook die Reglement vir die Kas vir Teologiese Studente is hersien en aangepas. Die Reglemente is vervat in Ongepubliseerde Bylae.

2.7.5 Teologiese Opleiding: Simposium oor leerinhoude: Junie 2007

Die byeenkoms is op 19 Junie 2007 by die TSP gehou. Daar was 'n groot aantal van die Kuratore en verskillende dominees teenwoordig. In die bespreking, beoordeling en adviese is onder andere aandag gegee aan hoe die volgende besluite/riglyne van Sinodes Potchefstroom en Middellande verreken kan word:

2.7.5.1 Die praktiese kwessies eie aan Afrika en Suid-Afrika ter wille van kontekssensitiewe bedieningsopleiding (Uit die verslag TSP Sinode 2006)

2.7.5.2 Die missionêre roeping van ons kerke. "Dit is belangrik om alle aspekte van die teologiese kurrikulum 'n meer missionêre fokus te gee sodat 'n missionêr ingestelde teologie (en daarom ook predikante en kerke) gestalte kan kry. (Uit die verslag TSP Sinode 2006)

2.7.5.3 Die versterking van die geestelike verhouding tussen dosente en studente. (Uit die verslag TSP Sinode 2006)

2.7.6 Teologiese opleiding vir Afrika

Sinode 2003 het soos volg besluit (Acta:730, 24.3):

> *"Dat onderneem word om dringend en ernstig te herbesin oor opleiding van predikante in die GKSA, in die lig van die kritieke bedieningsnood in veral swart, landelike en "township"-gemeentes."*
>
> *Dat die Kuratore saam met die opleidingsentra ondersoek doen op watter wyse kandidate opgelei kan word met die hulp en toesig van meerdere vergaderings in die gebied waar die kandidate woon, onder andere deur die gebruikmaking en uitbreiding van die Telematiese Leersisteme van die Fakulteit Teologie."*

Ten opsigte van alternatiewe wyses van opleiding het die Kuratore kennis geneem van die probleme tov opleiding van predikante en die bedieningsnood in Suidelike Afrika en Afrika, asook die geleenthede wat dit bied. Die Kuratore het ook kennis neem van die besinning wat internasionaal plaasvind oor predikantsopleiding, van die verskillende modelle wat gevolg kan word en van die spesifieke modelle wat voorgestel is om die nood en geleenthede aan te spreek. Die Kuratore het verder 'n Kommissie aangewys met die opdrag om die modelle wat voorgehou is en moontlik ander modelle ten opsigte van alternatiewe predikantsopleiding naas die huidige opleiding, te evalueer ten einde die probleme en geleenthede aan te spreek en om die invloed wat sodanige modelle op kandidaatsopleiding kan hê, na te gaan en die Kuratore oor verdere besluitneming en optrede te adviseer.

Die Kommissie vir Teologiese Opleiding in Afrika is besig met die uitvoering van hulle opdrag. Die Kuratore sal in die Aanvullende Rapport verder oor die vordering met die saak rapporteer.

2.7.7 Toesig oor indiensopleidingsentra

Die Kommissie wat uit die geledere van die Kuratore aangewys is om die voortdurende toesig oor die indiensopleidingsentra te behartig, gaan steeds met die opdrag voort. Die Kuratore ontvang jaarliks verslag van die Kommissie. Die Kuratorium handhaaf die opdragte en rigting wat in die besluite van die Nasionale Sinode 1994 gegee is ten opsigte van die opleiding van predikante (kyk Acta 1994:699, 5.2).

2.7.8 Finansies

2.7.8.1 Finansiële state en begrotings sal deur die Administratiewe Buro verskaf word.

2.7.8.2 Oorbetalings van kollektes aan die Teologiese Studente Kas

Die Kuratore versoek dat Kerkrade toesien dat die oorbetaling van kollektes aan die Teologiese Studente Kas op gereelde basis moet plaasvind.

2.7.9 Versorging van Emeriti

Die Kuratore van die Partikuliere Sinodes waar die emeritus of emeritusweduwee nou woonagtig is, is versoek om hul jaarliks te besoek en aan die Junie-Kuratorevergadering skriftelik te rapporteer oor hulle welstand en versorging. Indien daar versorgingsnood ontstaan, sal daar tydens die vergadering daarvoor begroot word.

2.7.10 Voornemende Kandidaatstudente – Sinode Middellande

In die lig van die tekort aan teologiese studente spesifiek ook uit die kader van die ou Sinode Middellande, het die Kuratore besluit om die Kommissie vir Teologiese Opleiding in Afrika te vra om ondersoek in te stel na die moontlikheid van 'n voor-teologiese oorbruggingskursus vir kandidate wat nog nie aan die vereistes vir universiteitstoelating voldoen nie; en indien die ondersoek positief is, sal 'n fonds in die lewe geroep word om gekeurde kandidate wat nie aan die akademiese kwalifikasie voldoen om 'n universiteitstudie te onderneem, te ondersteun om hierdie studie te doen;

2.7.11 Prospektus

Die Prospektus is in proses van hersiening.

2.7.12 Wysiging in samestelling van Kandidaatstudie

'n Nuwe graadstruktuur soos nasionaal deur FUTE voorgestel gaan word ogv die Departement van Onderwys se *Die Hoëronderwyskwalifikasieraamwerk* (HOKR) (Staatskoerant, 5 Oktober 2007, 30353:3-29) het implikasies vir die Kandidaats I-VI van die TSP. Voorstelle in hierdie verband sal in die Aanvullende Agenda vervat word.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.7.12.

3. Opdrag

Die volgende bedrae word by die begroting vir Deputate Bybelverspreiding en -vertaling gevoeg om voorsiening te maak vir *locum tenentes* om dit vir die professore moontlik te maak om deel te neem aan die huidige proses van Bybelvertaling:

a. 2009: R63 560
b. 2010: R49 450 (plus inflasiekoers)
c. 2011: R23 000 (plus inflasiekoers)

Besluit: Goedgekeur.

J. **AANVULLENDE RAPPORT**

1. Sake vir kennisname deur die Sinode

Die Sinode kan van die volgende sake kennis neem:

1.1 *Die Kuratorium*

Die termyn van die huidige Kuratore verstryk en die Streek **(**Partikuliere) Sinodes is versoek om nuwe Kuratore en Breë Kuratore aan te wys. Die Kuratorium sal in Januarie 2009 konstitueer.

1.2 *Indiensopleidingsentra*

Die Kuratore het rapport ontvang van al die werksaamhede by indiensopleidingsentra en vermeld met groot dankbaarheid die goeie werk wat by indiensopleidingsentra ten opsigte van die Kandidaatstudente daar gedoen word, aan die Sinode 2009.

1.3 *Die Senaat TSP*

1.3.1 Doserende personeel

Publikasies, konferensies en seminare – Bylae A.

1.3.2 Buitelandse besoekers deur die Senaat ontvang – Bylae B.

1.3.3 Dissiplinêre sake

2 Broeders se kandidaatstudies is in 2008 op aanbeveling van die TSP Senaat getermineer agv swak prestasie.

1.3.4 Verlenging van preekkonsent

Die Kuratore het aan die volgende broeders in 2008 toestemming verleen om eers verder voltyds te studeer voordat hulle aanmeld vir eksaminering deur 'n Streeksinode: DJJ Strydom en R J van Vuuren, beide vir MTh-studies.

1.4 *Vordering met nuwe gebou*

Met dankbaarheid word berig dat al die voorafgaande sake afgehandel is, en dat die onderhandelinge deur die NWU met GK Potchefstroom-Noord en die Administratiewe Buro geslaag het. Dit het aan die lig gekom dat daar 'n servituut is op 'n deel van die grond waar die nuwe gebou beplan word. Die posisionering van die nuwe gebou rekening sal moet hou met die servituut. Die GK Potchefstroom-Noord en die Administratiewe Buro is dienooreenkomstig daarvan in kennis gestel. Die finale bouplanne is op 16 September 2008 tydens die personeelvergadering aan die personeel voorgehou word.

Besluit: Kennis geneem van 1.1 tot 1.4.

1.5 *Teologiese Opleiding vir Afrika*

1. Opdrag

Sinode 2003:728, 1:1

1. Dat onderneem word om dringend en ernstig te besin oor opleiding van predikante in die GKSA, gesien in die lig van kritieke bedieningsnood in veral swart, landelike en "township"-gemeentes.
2. Dat die Kuratore saam met die opleidingsentra ondersoek doen op watter wyse kandidate opgelei kan word met die hulp en toesig van meerdere vergaderings in die gebied waar die kandidate woon, onder andere deur gebruikmaking en uitbreiding van die Telematiese Leersisteme van die Fakulteit Teologie.

Sinode 2006:806, 2.3.7.12:

Die Sinode

2.3.7.12 versoek die Kuratorium om die sake genoem in hierdie Rapport te monitor, sake voortspruitend te hanteer, en aan die volgende Sinode hieroor verslag te doen.

Daar is verder ook rekening gehou met die besluit van Sinode 2006 (809, 23.4) ten opsigte van die Beskrywingspunt van Partikuliere Sinode Pretoria oor multi intree- en uittreevlakke in teologiese opleiding.

Besluit: Kennis geneem.

2. Uitvoering

2.1 *Inleiding*

2.1.1 Kerke uit die voormalige Sinode Middellande Opleiding vir missionêre kerke

In die besluit van Sinode 2003 word verwys na "kritieke bedieningsnood in veral swart, landelike en "township"-gemeentes" (Acta 2003:728). Sinode 2006 (Acta 2006:797) het kennis geneem dat dit veral gaan oor die werklikheid dat 'n groot deel van die pastorale werk in kerke wat uit 'n sending agtergrond onstaan het (dus veral kerke uit die voormalige Sinode Middellande) behartig word deur persone wat nie as predikante opgelei, beroep of bevestig is nie.

Baie van hierdie gemeentes, wat voluit deel vorm van die gemeenskap van kerke binne die verband van die GKSA, beskik nie oor voltydse, goed opgeleide, beroepe en bevestigde, volbetaalde predikante nie, hoofsaaklik as gevolg van strukturele armoede in die gemeenskappe waar hulle geroep is om kerk van die Here te wees. Tog sien ons met verwondering en dankbaarheid dat kerke – ook Gereformeerde Kerke – in hierdie gemeenskappe vinnig groei in 'n konteks van geweldige geestelike nood. In hierdie gemeenskappe woon en werk gelowige kinders van die Here in situasies waar veral armoede, die verwoestende uitwerking van VIGS asook ander sosio-ekonomiese probleme mense honger maak vir die Woord van die Here. Daarom kom gelowiges saam in kleiner en groter gemeentes met 'n lewendige en dinamiese kerklike lewe, om uit die Woord geleer, vertroos, versterk en vermaan te word en gevorm te word om as mense wat aan Christus behoort, aktief in hulle gemeenskappe teenwoordig te wees. Die Here voeg op baie plekke byna weekliks nuwe gelowiges by hierdie kerke (vgl Hand 2:47; 9:31).

Bediening soos dit bekend is in kerke uit die voormalige Sinode Potchefstroom is vir baie van ons kerke in gemeenskappe soos hierbo beskryf, ondenkbaar – veral die

ideaal om in elke gemeente ‘n voltydse predikant te hê. Sommige gemeentes kry dit deur die genade van die Here reg, onder andere met behulp van buitelandse kerke en sustentasie vanuit die GKSA. Om enigsins in die behoefte aan bediening deur predikante te voorsien, word die meerderheid van ons kerke uit die voormalige Sinode Middellande egter opgedeel in verskillende “preekpunte” – eintlik klein gemeentes, veel groter en meer selfstandig as die wyke wat bekend is Afrikaanse kerke, maar tog nie groot genoeg om as selfstandige gemeentes te bestaan nie. As gevolg hiervan dek gemeentes dikwels uitgebreide geografiese gebiede, en word op Sondag op tallose plekke eredienste gehou waar kinders van die Here in sy teenwoordigheid en rondom sy Woord bymekaarkom. Predikante bedien binne individuele gemeentes tot soveel as 12 van hierdie “preekpunte” wat verder in alle opsigte as eie klein gemeentes funksioneer. Uit die aard van die saak is dit vir sulke predikante onmoontlik om op Sondae by al hierdie klein gemeentes te preek. In werklikheid kan dit gebeur dat ‘n dominee nie meer as vier of vyf keer per jaar by al die punte uitkom nie, en dan is dit meestal om sakramente te bedien. Op weeksdae en op die meeste Sondae moet die klein gemeenskappe van gelowiges self sorg vir begrafnisse (dikwels weekliks), eredienste, gebedsbyeenkomste, Bybelstudie, kategese en ander kerklike aktiwiteite.

In eredienste gaan op baie plekke broeders voor wat nie in terme van die KO, art 3 beroep en bevestig is as predikante nie, en ook nie behoorlik opgelei en toegerus is nie. Tog is hulle dikwels begaafde manne wat ‘n verskeidenheid geestelike gawes ontvang het, en met groot liefde en ywer vir die kinders van die Here getrou hulle werk doen – voltyds of deeltyds, betaald of onbetaald: hulle doen huisbesoek, lei byeenkomste, behartig kategese en Bybelstudies, doen intensief evangelisasie en gaan voor in die weeklikse eredienste. Ons beleef die wonder dat die Heilige Gees deur die dienswerk van hierdie broeders mense aan alle kante oortuig van die waarheid van die evangelie van Jesus Christus en hulle honger maak vir sy Woord – meer as wat daar predikante is om hulle te bedien.

Wat staan ons as kerke binne die gemeenskap van die GKSA in hierdie opsig te doen? Kan ons hierdie broeders wat so voorgaan help met ‘n toeganklike en bekostigbare vorm van opleiding? Of moet ons hierdie brose nuwe groei in ons kerke dooddruk en gelowiges die Woord van die Here ontsê deur die voorgangers die swye op te lê omdat hulle optrede nie strook met die Kerkorde nie? Is daar ander maniere om gestalte te gee aan die beginsel dat kerke moet waak oor die verkondiging van die Woord? Moet ons daarop aandring dat almal die volle kandidaatstudie deurloop om predikant te kan word – al sou die meeste van hierdie broeders nie deur hulle gemeentes onderhou kon word nie? Moet ons daarop aandring dat al hierdie broeders, saam met hulle uitgebreide gesinne, vir ‘n aantal jare hulle gemeentes verlaat om as predikante opgelei te word aan ons Teologiese Skool? Wat word intussen van die gemeentes? Kan ons aanneem dat al hierdie broeders die nodige gawes het om tot op nagraadse vlak akademiese studie aan ‘n universiteit te voltooi? En as hulle dit nie het nie – diskwalifiseer dit hulle by voorbaat reeds om deur die Here gebruik te word in sy kerk? Kan ons selfs aanvaar dat al hierdie broeders noodwendig geroep is om predikant te word?

Hierby moet ook genoem word dat slegs ‘n baie klein aantal studente uit swart kerke tans opleiding tot predikant ondergaan aan die TSP. Baie potensiële kandidate vir predikantsopleiding voldoen nie aan die toelatingsvereistes van die NWU en die Fakulteit Teologie nie, hoofsaaklik as gevolg van swak skoolonderwys. Die Kuratorium is baie besorg hieroor, en wil in hierdie Rapport graag voorstelle maak om hierdie probleme aan te spreek.

2.1.2 <u>Breër opleiding vir gelowiges wat deelneem aan bedieningswerk</u>

Ook in gemeentes waar die moeilike omstandighede hierbo genoem nie so ‘n groot rol speel nie, is daar ‘n groeiende behoefte aan breër opleiding en toerusting in teologie, ten einde gelowiges die geleentheid te gee om met behoorlike vorming deel te neem aan die bedieningswerk in hulle gemeentes. Sommiges het gawes van die

Here ontvang om op beperkte skaal by gespesialiseerde take betrokke te raak, soos kinder- en jeugbediening, evangelisasie, pastoraat en maatskaplike projekte as deel van gemeentes se barmhartigheidswerk. Hierdie persone is dikwels reeds gevestig in hulle beroepe en beskik oor ander kwalifikasies. Ander het nie voorheen gestudeer nie, maar wil graag teologiese opleiding ontvang. Sommiges wonder of hulle dalk predikant kan word, maar is skrikkerig vir die groot stap, en wil eers 'n eerste kwalifikasie in teologie voltooi voor hulle hulle verbind tot die volle pad om predikant te word. Hierdie persone kan van onskatbare waarde wees in groot stadsgemeentes waar selfs meerdere predikante nie die volle lading van die bedieningswerk alleen kan dra nie, en ook in kleiner gemeentes wat nie meer in staat is om 'n voltydse predikant te onderhou nie.

2.1.3 *Kerke en kerkleiers in Afrika*

Ook buite die gemeenskap van kerke van die GKSA speel hierdie selfde sake 'n groot rol. In Afrika is daar tans 'n geweldige opbloei van Christelike kerke, maar omdat bediening in hierdie kerke dikwels swak is en deur onopgeleide kerkleiers behartig word, is die geestelike diepgang in baie van hierdie kerke flenterdun. Die Kuratorium het in hierdie situasie 'n roeping herken om alles wat binne die GKSA aan opleiding en materiaal ontwikkeling gedoen word, ook buite die GKSA beskikbaar te stel vir kerkleiers in Afrika. Hierdie roeping word gedra deur 'n sterk visie vir die uitbou van die koninkryk van God, en 'n missionêre visie om die wonderlike Bybelse geloof wat ons bely, ook deur middel van opleiding van kerkleiers aan ander persone en kerke oor te dra. Op hierdie manier kan die GKSA in die Afrika konteks 'n baie groot rol speel in die uitdra van die Gereformeerde belydenis en teologie.

2.1.4 Opleiding vir missionêre kerke

Langs hierdie weg het die vraag na die rol van teologiese opleiding in die vorming van 'n missionêre visie onder predikante en kerke, asook die behoefte aan konkrete opleiding vir sendingwerk in en deur gemeentes en individuele gelowiges, ter sprake gekom. Die Kuratorium het indringend aan hierdie sake aandag gegee, en wil in hierdie Rapport ook hieroor 'n aantal aanbevelings maak.

2.2 *Noodsaaklike definisies*

Ten einde die voorstelle wat later in die Rapport gemaak word goed te verstaan, is dit nodig om 'n aantal sake duidelik te definieer.

2.2.1 Kontekstuele relevansie

Die taak waarvoor ons kerke staan, word deels uitgespreek in 2 Korintiërs 10:3-5. Naas die bediening van die versoening en die oproep tot bekering, word hier ook aangedui op watter manier die taak uitgevoer kan word: deur vestings te vernietig met die kragtige wapens van God: "Daarmee vernietig ons die redenasies en elke hooghartige aanval wat teen die kennis van God gerig word. Ons neem elke gedagte gevange om dit aan Christus gehoorsaam te maak". Watter spesifieke redenasies moet vernietig word? Hoe lyk die aanval teen die kennis van God in die konteks waar elke spesifieke kerk gevestig is en haar werk doen – en hoe moet die nodige wapens daarom lyk? Is dit universele dinge, of is dit nodig om in spesifieke omgewings veral op spesifieke redenasies en aanvalle teen die kennis van God te fokus, en is daar daarom ook spesifieke wapens nodig?

Hoewel die Here baie duidelik is daaroor dat daar in die geloofsgemeenskap met Christus geen onderskeid is tussen Jood en Griek, slaaf of vryman, man of vrou nie, en dat ons almal één is in Christus (Gal 3:26-28; Ef 2:13-18; 4:4-6), leer Hy ons tog hoe ons te werk moet gaan om in hierdie wêreld van verskeidenheid *alle* mense te bereik met die bevrydende en versoenende krag van die evangelie van Jesus Christus. Ook ons kerke van vandag moet steeds diensbaar wees om so veel mense as moontlik vir Christus te wen. Daarvoor moet ook ons leer om "vir die Jode soos 'n Jood en vir die swakkes swak" te word, sodat ons in elk geval sommiges kan red met die bediening van die versoening (1 Korintiërs 9:19-23; 2 Kor 5:18-21).

Nie een van bogenoemde teksgedeeltes moet uitsluitlik in die missionêre sin verstaan word nie: dit sluit ook die fokus van "gewone" gemeentebediening in. Om by die

metafoor van die Bybel te bly: die soort redenasies en aanvalle teen die kennis van God wat voorkom in ‘n Afrikaanssprekende, voorstedelike gemeente in Pretoria is lank nie dieselfde as die redenasies en aanvalle teen die kennis van God wat voorkom in ‘n plattelandse Sotho- of Zulu-sprekende gemeente nie (om hier bloot twee uiterstes te stel – dit is nie die enigste moontlike of nodige onderskeid nie). Daarom is die spesifieke nuanses in die totale bediening van die versoening in hierdie gemeentes ook nie noodwendig dieselfde nie. Dit gaan dus nie hier oor wat gemeentebediening en wat sending is nie, maar oor die vraag: wat is nodig om die mense van hierdie wêreld(e) waarin ons ons as kerke bevind effektief te bereik met die evangelie van Christus – binne én buite ons kerke?

2.2.2 Kerklike bediening en sending

2.2.2.1 “Kerk” en “sending”

Wanneer gemeentes só bedien word dat hulle in staat is om self aan die werk te gaan in die stryd teen elke redenasie en elke aanval teen die kennis van God wat in hulle eie midde en in hulle eie omgewing voorkom, om so elke gedagte gevange te neem vir Christus – dán is hulle ook toegerus om missionêre gemeentes in hulle eie omgewing te wees. Nóg in opleiding nóg in gemeentewerk in die algemeen (of in die styl en kultuur van gemeente-wees) moet té waterdig onderskei word tussen kerklike bediening en ‘n sendingsituasie (of kerk en sending): die twee is in wese één.

Kerke uit die voormalige Sinode Middellande, met hulle sterk en swak punte, behoeftes en probleme, word dikwels steeds onder die noemer van “sending” of “sendingkerke” tuisgebring, onder andere om daarmee aan te gee dat die kerklike praktyke, gewoontes en bedieningstyl van hierdie kerke slegs *tydelik* anders is as in Afrikaanssprekende gemeentes van die GKSA. Die verwagting is dan dat hierdie kerke eendag sodanig sal ontwikkel dat hulle die kerklike praktyke, gewoontes en bedieningstyl van Afrikaanse gemeentes sal oorneem.

Hierdie benadering kan nie gehandhaaf word nie, onder andere omdat dit van uiterste paternalisme spreek. Die oorgrote meerderheid van hierdie kerke is selfstandige gemeentes, volwaardige kerke van die Here waar in sommige opsigte bedieningshulp deur sendelinge verrig word, maar hulle het eie Kerkrade, in baie gevalle eie predikante, en doen hulle eie werk onafhanklik van “sendende kerke”. Sommiges word hoogstens vanuit die buiteland befonds of ontvang ander vorms van sustentasie. Die eiesoortige bedieningstyl, vorms van kerkwees en kerklike praktyke, asook die probleme waarmee hierdie kerke worstel, is *kerklike* probleme van swart *kerke*, en nie *sendingprobleme* nie.

Om hierdie rede is die opleidingsbehoeftes van ons swart kerke binne die GKSA nie sendingbehoeftes nie: dit gaan oor die eiesoortige karakter, styl, behoeftes en bedieningskonteks van volwaardige kerke binne die kerklike gemeenskap van die GKSA.

2.2.2.2 Opleiding ***vir*** sending

As onderdeel van die totale kerklike bediening is dit vir *alle* kerke (ongeag herkoms) binne die kerklike gemeenskap van die GKSA belangrik om ook hulle fundamentele missionêre karakter te (her)ontdek, te ontwikkel en uit te leef in hulle omgewing. Hiervoor is spesifieke aandag in opleiding nodig. Drie aspekte moet hier onderskei word:

(i) Die vakgebied van missiologie is in bepaalde opsig ‘n deeldissipline van alle ander teologiese dissiplines, omdat dit steeds die kritiese vraag aan elke vakgebied vra: wat is die implikasies van wat hier gedoen word vir die missionêre hart van die kerk? Dit maak reeds van missiologie ‘n komplekse en uitgebreide vakgebied.

(ii) Daarnaas het missiologie ook ‘n aantal eiesoortige spesialis fokusareas ontwikkel. Net soos daar in die Nuwe Testamentiese vakgroep aandag is vir kanoniek, openbaringsgeskiedenis, hermeneutiek, eksegese en Grieks as taal, het daar binne missiologie onder andere die volgende fokusareas

ontstaan: die teologie van missiologie (wat nou aansluiting vind by dogmatiek, ekklesiologie, kerkgeskiedenis en Bybelwetenskappe), elenktiek/apologetiek, stedelike sending, kerkplanting, en missionêre barmhartigheids- en ontwikkelingswerk. Hierdie spesialis fokusareas het reeds sodanig ontwikkel dat dit moeilik is om dit bloot as semester modules van die vak missiologie aan te bied. Waar dit wel gedoen word (soos aan die TSP en NWU), kan dit lei tot oppervlakkige onderrig in missiologie, met gevolglike skade aan die missionêre bewussyn van predikante en die missionêre karakter van kerke.

(iii) Naas missiologie as wetenskaplike teologiese dissipline, is daar ook ‘n behoefte aan praktiese sendingopleiding. In baie gemeentes is daar talle lidmate wat baie graag betrokke wil wees by sending inisiatiewe in hulle eie omgewing of op ver plekke, maar hulle weet dikwels nie hoe nie. Doelgerigte opleiding kan help om die dikwels latente ywer vir die uitdra van die evangelie in aktiewe medewerking te verander.

2.2.2.3 Opleiding ***as*** sending

‘n Laaste belangrike aandagspunt in hierdie verband is die moontlikheid om vanuit die kerkverband van die GKSA missionêr gerig te wees op gemeenskappe (ook kerkgemeenskappe) in Suid-Afrika en die res van die kontinent deur middel van gereformeerde opleidingsmateriaal wat beskikbaar gestel word aan persone in kerke anders as die GKSA. Gesien in die lig van die kritieke behoefte aan opgeleide kerkleiers in Afrika, kan daar vanuit die GKSA ‘n uiters belangrike rol gespeel word in die opleiding van sodanige kerkleiers. Hier is ‘n geleentheid vir koninkrykswerk wat ons kerke met albei hande behoort aan te gryp. Dit vra nie nuwe werk nie – dit gaan oor breër beskikbaarheid van materiaal (in die vorm van afstandsonderrig) wat reeds vir gebruik binne die GKSA ontwikkel is of word.

2.2.3 Die konsep “bediening” en die implikasies daarvan vir opleiding

2.2.3.1 Uitgebreide *bediening*skonsep

Binne ‘n breë verskeidenheid kerke van die GKSA het daar ‘n behoefte ontstaan aan ‘n meer uitgebreide konsep van *bediening*. Tradisioneel word die woord *bediening* slegs gebruik vir die werk wat predikante in gemeentes doen. Hierdie rapport gebruik die woord *bediening* om te verwys na die dienswerk wat enige lidmaat van ‘n kerk in sy/haar gemeente doen (voltyds of deeltyds, betaald of as vrywilliger) op basis van die gawes wat die Heilige Gees gee. Die dienswerk van ‘n predikant is ‘n sleutelbediening in die gemeente, maar is nie die enigste moontlike bediening nie.

Hierdie behoefte aan ‘n uitgebreide konsep van *bediening* vloei voort uit ‘n aantal sake:

(i) Die oortuiging dat die Here binne sy kerk ‘n groot verskeidenheid mense met ‘n groot verskeidenheid gawes toerus om dienswerk in en vanuit die gemeente te doen (vgl Ef 4:1 Kor 12; Rom 12).

(ii) ‘n Groeiende aantal van ons kerke het nie die finansiële middele om ‘n voltydse predikant te onderhou nie. Die redes hiervoor kan krimpende lidmatetalle wees, of ernstige armoede van die gemeenskappe waarin die kerke gevestig is. In laasgenoemde geval is daar dikwels sprake van ‘n strukturele onmoontlikheid om ‘n voltydse predikant te beroep en te onderhou.

(iii) Net so is daar ook ‘n groeiende aantal kerke wat so groot geword het dat selfs ‘n hele aantal predikante saam nie meer die totale las van bedieningswerk in die gemeente op hulle kan neem nie.

Veral in situasies waar daar geen voltydse predikant in ‘n gemeente werk of kan werk nie, is dit van die uiterste belang dat ander persone in daardie gemeente so goed as moontlik opgelei en toegerus word om so veel as moontlik van die bedieningsbehoeftes van die gemeente te behartig. Dit beteken nie dat ander persone goedskiks die dienswerk van ‘n predikant kan verrig sonder om in die

diens van predikant beroep of bevestig te wees nie. Dit beteken wel dat ‘n gemeente nie tot stilstand hoef te kom of op te hou groei wanneer daar nie ‘n voltydse predikant beskikbaar is nie. Veral persone wat in die diens van ouderling dien, het die roeping om die gemeente as herders onder die gesag van die Opperherder (1 Pet 5:1-4) met die Woord te regeer en te versorg vanuit hulle eie ondersoek van die Woord en oefening in die rykdom van die evangelie. Hulle het die duidelike opdrag om die gemeente vanuit die Woord te vermaan en te troos (vgl die Bevestigingsformulier vir ouderlinge). Hulle word duidelik onderskei van predikante, maar daar word ook klem gelê op hulle herdersrol in die gemeente.

Net so is daar in baie arm gemeenskappe groot behoefte aan opleiding vir die doeltreffende funksionering van die diakonale dienswerk van gemeentes – nie net in die sin van die versorging van die armes nie, maar ook vir gemeenskapsontwikkeling, effektiewe VIGS-bediening ens. Hierdie dienswerk hoef nie beperk te word tot persone wat in die diens van diaken bevestig is nie.

In groter gemeentes is daar ook behoefte aan sodanige medewerkers, maar groter gemeentes het ook behoefte aan meer spesialisasie in aspekte van bediening wat lidmate wil en kan behartig. So is daar in bepaalde gemeentes onder andere behoefte aan jeugwerkers, sendingwerkers, kerkplanters, barmhartigheidswerkers, musici en beraders – mense wat graag voltyds of deeltyds (as betaalde hulpkragte of as vrywilligers) wil meewerk aan die totale bediening van die gemeente, maar nie noodwendig predikante wil of kan word nie. In Australië het die *Christian Reformed Churches of Australia* byvoorbeeld hierdie behoefte erken en ‘n opleiding ontwikkel wat hierin kan help (vgl. http://internships.crca.org.au).

2.2.3.2 ‘n Uitgebreide *opleidings*konsep

Teen bogenoemde agtergrond word in hierdie Rapport gepleit vir die skep van ruimte vir *meerdere opleiding* met die oog op *meerdere bedieningswerk* in kerke binne die verband van die GKSA, aanvullend tot reeds bestaande predikantsopleiding en Woordbediening deur predikante. Dit moet met groot nadruk gesê word dat daar steeds ‘n groot behoefte is aan predikante, en dat hiermee geensins bedoel word om die klem weg te skuif van predikantsopleiding nie. Trouens, die gedagte is om langs die weg van meerdere opleiding meer mense te identifiseer wat verder opgelei kan word as predikante.

Terselfdertyd is dit ook belangrik om nie uit die oog te verloor dat hierdie meerdere opleiding gedifferensieer moet word op verskillende akademiese vlakke nie. In sommige kerke is dit belangrik om opleiding op ‘n relatief lae akademiese standaard aan te bied, soos byvoorbeeld ‘n sertifikaat. In ander kerke sal daar ‘n behoefte wees aan hoër vlakke van opleiding, soos ‘n diploma of ‘n BTh-graad. Veral in stedelike gemeentes met groot getalle professionele mense onder hulle lidmate, sal kortkursusse op die vlak van ‘n B-graad of hoër waarskynlik aan die behoefte voldoen.

2.2.3.3 ‘n Taak vir die kerkverband van die GKSA

Ten einde seker te maak dat die werk wat op hierdie basis in gemeentes gedoen word in terme van inhoud, leersuiwerheid en kundigheid optimaal is, om eenheid in opleiding te verseker en omdat dit ‘n situasie is wat ‘n baie groot getal gemeentes in die verband van die GKSA raak, is dit nodig om hierdie saak gemeenskaplik aan te pak, en dit nie eenvoudig na plaaslike kerke te verwys nie.

2.3 *Ander sake voortspruitend uit die besluite van Sinode 2006*

2.3.1 2006:805, 2.3.7.5

Sinode 2006 het besluit dat doserende en/of fasiliterende personeel aan instellings buite Potchefstroom wat gemoeid is met kandidaatsopleiding (Kandidaats 1-3) ‘n assesseringsproses moet deurloop analoog aan die proses wat tans geld vir buitengewone benoemings aan die Fakulteit Teologie van die NWU, ter wille van kontrole oor leersuiwerheid, akademiese standaarde en eenheid in opleiding.

Die Kuratorium kan tans rapporteer dat sodanige dosente wel deur die Fakulteit Teologie van die NWU geassesseer is, maar nog nie deur die Senaat van die TSP nie. Hieroor sal verslag aan die Kuratorium gedoen word teen Junie 2009.

2.3.2 2006:805, 2.3.7.7

Sinode 2006 het besluit dat:

(i) die bestaande kurrikula van die teologiese opleiding aan die TSP en by die indiensopleidingsentra sodanig uitgebrei, verander en aangepas moet word dat aan die behoeftes vir effektiewe sendingopleiding voldoen kan word;

(ii) dit belangrik is om alle aspekte van die teologiese kurrikulum 'n meer missionêre gerigtheid te gee, sodat 'n missionêr ingestelde teologie (en kerke) gestalte kan kry;

(iii) die daarstelling van 'n Skool vir Sendingwetenskappe indringend deur die TSP in samewerking met die Fakulteit Teologie (NWU) ondersoek moet word;

(iv) afhangend van die vlak van opleiding, die TSP en ander skole soos *Mukhanyo Theological College* met mekaar oorleg moet pleeg in die lig van die behoeftes van kerke wat betrokke is by sending.

Ten opsigte van punte (i), (ii) en (iv) hierbo vind 'n deurlopende gesprek plaas tussen die Departement Missiologie van die Fakulteit Teologie van die NWU, die Senaat van die TSP en die Kuratorium.

Ten opsigte van (iii) hierbo het die Senaat van die TSP en die Fakulteit Teologie aangedui dat die vestiging van 'n Skool vir Sendingwetenskappe nie haalbaar is nie, hoofsaaklik as gevolg van beperkte kapasiteit binne die Fakulteit en die finansiële implikasies van die vestiging van so 'n skool.

Daar bestaan moontlikhede om in die toekoms meer uitgebreide en praktiese sendingopleiding (wat nie dieselfde is as Missiologie nie) aan te bied deur middel van 'n instelling soos die *Center for Reformational Urban Ministry in Africa* (CRUMA) wat opgerig is op inisiatief van 'n aantal Gereformeerde Kerke in Pretoria, en wat nou saamwerk met *Mukhanyo Theological College*.

2.3.3 2006:806, 2.3.7.9

Sinode 2006 het die Skool vir Kerkwetenskappe van die Fakulteit Teologie van die NWU versoek om 'n nuwe projek te vestig ten einde navorsing te doen oor moontlike insluiting van mentorskap, spiritualiteit en geestelike (dienende) leierskap as deel van die teologiese kurrikulum.

Die Kuratorium het kennis geneem dat sodanige navorsingsgebied reeds gevestig is en voortdurend deur die Skool vir Kerkwetenskappe geëvalueer word.

2.3.4 2006:806, 2.3.7.10

Sinode 2006 het die Senaat versoek om in samewerking met die Kuratorium ondersoek in te stel na wyses waarop geestelike verhoudings tussen dosente aan die TSP en onafhanklike skole, asook predikante en ouderlinge van plaaslike kerke (enersyds) en studente (andersyds) aangemoedig kan word.

Die Kuratorium het kennis geneem dat studente van die TSP as voogstudente by die beroepe professore ingedeel is, en dat die groepe weekliks vergader en aan hierdie saak aandag gee. Waar nodig word plaaslike predikante betrek. Studente word ook in hulle plaaslike gemeentes op 'n besondere manier betrek en aktief deur hulle plaaslike predikante versorg.

Die Kuratorium stel voor dat hierdie voogstelsel ook by die onderskeie ander plekke van opleiding ingestel word, indien van toepassing.

2.3.5 2006:806, 2.3.7.11

Sinode 2006 het die Senaat versoek om in samewerking met die Kuratorium ondersoek in te stel na die moontlikheid van 'n eerste of sewende jaar van internskap in plaaslike kerke vir studente wat die Kandidaatsprogram wil volg of gevolg het.

Die Kuratorium het die moontlikheid van so 'n bykomende jaar ondersoek, en tot die gevolgtrekking gekom dat dit nie haalbaar is nie, veral op finansiële gronde.

Die Kuratorium stel in die plek daarvan voor om die moontlikheid te ondersoek om deurlopende praktiese werk van studente in gemeentes aan bepaalde minima van ure oor die hele ses jaar studietydperk te koppel.

2.4 *Addisionele relevante sake*

2.4.1 Akkreditasie

In die model wat in beginsel deur Sinode 2006 aanvaar is (2006:799-803) is van die veronderstelling uitgegaan dat sertifikaat en diploma kwalifikasies deur die Fakulteit Teologie van die NWU ontwikkel en aangebied sou kon word. Aangesien van die begin af gestreef is na behoorlik geakkrediteerde kwalifikasies, in lyn met onderwyswetgewing in Suid Afrika, het dit gelyk na die ideale oplossing.

Hoewel die NWU in beginsel nie gekant is teen die aanbied van sertifikaat en diploma kwalifikasies nie, en dit in bepaalde gevalle selfs aanmoedig, is daar verskeie kompliserende faktore wat dit onmoontlik maak om tans hierdie weg te volg:

(i) Die Fakulteit Teologie se kapasiteit is te beperk om verantwoordelikheid vir hierdie addisionele kwalifikasies te aanvaar;

(ii) Die fokus van die Fakulteit Teologie sluit nie kwalifikasies onder die vlak van BTh in nie;

(iii) Universiteite wag tans aanduidings af van hoe die *Higher Education Qualifications Framework* geïmplementeer gaan word. Dit is daarom onmoontlik vir universiteite om op hierdie stadium nuwe kwalifikasies te registreer, en dit sal waarskynlik die geval wees tot ongeveer 2015.

Ander moontlikhede vir die ontwikkeling en akkreditasie van die beoogde kursusse moet daarom gesoek word. Daar bestaan twee moontlikhede:

(i) die sertifikaat en diploma kwalifikasies word in samewerking met skole soos Mukhanyo Theological College, College ya Mojadi en Nqutu Reformed Seminary ontwikkel en aangebied. Mukhanyo het reeds ‘n sertifikaat en diploma geregistreer en wag tans die uitslag af van hulle aansoek om akkreditasie – voorlopige akkreditasie is reeds toegeken;

(ii) indien hierdie weg ook blyk onmoontlik te wees, is dit nog moontlik om met enige moeite programme te ontwikkel en akkreditasie te probeer verkry deur middel van die *Health and Welfare* SETA.

2.4.2 Kurrikulum

Die volgende geld as riglyne vir die kurrikuleringsproses van veral die sertifikaat en diploma kwalifikasies, en moontlik ook sommige kortkursusse. Dit word hier bloot as voorbeelde genoem ten einde die voorstelle wat tot dusver gemaak is, meer konkreet te maak.

2.4.2.1 Die volgende bedienings- en sendingspraktyke is geïdentifiseer as wenslik, en dui ook tot ‘n mate die *doelstellings* van die opleidingsproses aan:

(i) die ideaal is om so veel as moontlik gelowiges in die verskillende vorms van bediening van die kerk te aktiveer – insluitende vroue. Dit impliseer ‘n groot behoefte aan voortgaande opleiding en toerusting, waarby tradisioneel hoogs opgeleide predikante betrek kan word;

(ii) daar is veral ook ‘n groot behoefte aan omvattende Bybelse opleiding en toerusting in dienende leierskap en mentorskap;

(iii) ‘n sterk teologie vir en bediening in ‘n konteks van VIGS en armoede is noodsaaklik, met klem op ‘n goed ontwikkelde barmhartigheidsbediening;

(iv) doelgerigte toerusting ten opsigte van ‘n Bybelse lewens- en wêreldbeskouing en die gereformeerde identiteit van ons kerke is noodsaaklik. Hiermee word onder andere gehoop om die verskynsel van “church hopping” hok te slaan, sodat mense bereid sal wees om ‘n prinsipiële keuse vir aansluiting by en verbintenis tot ‘n Gereformeerde Kerk te maak;

(v) daar is ‘n geweldige behoefte aan ‘n sterk, gestruktureerde jeug- en kinderbediening in ons kerke – veral in die lig van die sosiale probleme wat ontstaan as gevolg van verstedeliking en die gevolge van armoede en VIGS;

(vi) bediening in die kerke – en dus ook opleiding – moet kontekstueel sensitief wees, gerig op eiesoortige probleme en eienskappe van plattelandse, voorstedelike en stedelike bediening;
(vii) daar is ‘n groot behoefte aan fundamentele denke oor die aard en roeping van die kerk in die kontemporêre samelewing – met ander woorde: aan ‘n goed gefundeerde en veral praktiese ekklesiologie;
(viii) ‘n verskeidenheid vaardighede moet in die kerke geaktiveer word – nie almal van hulle “teologies” of “pastoraal” nie, maar ook aspekte soos bestuurs-, administratiewe en finansiële vaardighede. Kwessies soos volhoubaarheid van bediening en (veral finansiële) onafhanklikheid van kerke behoort ook aandag te kry in opleiding;
(ix) groot aandag word gevra vir missionêre opleiding – nie missiologie in die akademiese sin van die woord nie, maar praktiese opleiding vir konkrete sendingwerk, soos evangelisasie, stedelike sending en kerkplanting.
(x) die moontlikhede van multi-kulturele bediening moet ondersoek en geaktiveer word, veral in stedelike konteks. Hierdie saak sluit ook ‘n fokus in op die versoeningsbediening van die kerk in ‘n multikulturele konteks.

2.4.2.2 Ten opsigte van die *aard* van die kursusse wat ontwikkel moet word, word die volgende as ideaal gestel. Kwalifikasies behoort:
(i) erkende en geakkrediteerde kwalifikasies te wees;
(ii) ‘n aanvang te neem op sertifikaat vlak, sonder hoë toelatingsvereistes
(iii) hoofsaaklik gerig te wees op afstandsonderrig, met een of ander soort begeleiding, ten einde geografiese probleme in verband met toeganklikheid van opleiding te minimaliseer;
(iv) te fokus op intellektuele, kennismatige vorming van studente (die kop), persoonlike geloofsgroei en spiritualiteit (die hart) en op praktiese vaardighede (die hande);
(v) daarom ‘n groot mate van praktiese opdragte in te sluit, asook begeleide deelname in werklike bedieningswerk (in-diens-opleiding);
(vi) op drie vlakke opgestel word, naamlik sertifikaat, diploma en uiteindelik BTh
(vii) so opgestel te word dat optimale intrede in bestaande BTh-kursusse en veral predikantsopleiding moontlik is;
(viii) onder toesig van die Kuratorium gestel te word;
(ix) voortdurend geëvalueer te word;.
(x) bekostigbaar en dus toeganklik te wees vir persone met ‘n lae inkomste

2.4.2.3 Ten opsigte van die *ontwikkeling* van kursusse, is die volgende as riglyne deurgegee:
(i) waar moontlik moet gebruik gemaak word van bestaande materiaal ten einde die ontwikkeling van nuwe materiaal tot die minimum te beperk;
(ii) waar aanpassing van bestaande materiaal nodig is, nuwe materiaal ontwikkel moet word of studiegidse geskryf moet word, behoort die vaardighede wat beskikbaar is binne die GKSA maksimaal benut te word;
(iii) die professore van die TSP moet so min as moontlik belas word (indien enigsins);
(iv) moontlike ekumeniese hulpbronne moet so ver as moontlik ondersoek en aangewend word.

2.4.2.4 Ten opsigte van *identifisering* van moontlike leerinhoude (waarvan die eerste drie as verpligte inhoud vir alle studente geld) bestaan daar ‘n behoefte aan die volgende[1]:
(i) Kennis en hantering van die Bybel (oorsig oor die Bybel, basiese openbaringsgeskiedenis en hermeneutiek, moontlik ook met insluiting van rekenaarvaardighede en gebruik van Bybel-sagteware);

[1] Hierdie lys is opgestel op basis van ‘n breë konsultasie binne die GKSA. Dit is egter nie geyk nie, en aanvullings of weglatings bly moontlik en selfs noodsaaklik.

(ii) Persoonlike spiritualiteit;
(iii) Studievaardighede;
(iv) Christelike berading;
(v) HIV/VIGS, armoede, sosiale ontwikkeling en barmhartigheidsbediening;
(vi) Christelike apologetiek (basiese inleiding, met spesialisering in een of meer van die volgende: Islam, Afrika tradisionele religie, Hinduïsme, die Sioniste beweging in SA, Afrika onafhanklike kerke, ens);
(vii) Christelike lewens- en wêreldbeskouing (moontlik in kombinasie met laasgenoemde);
(viii) Onderrig-bediening in die kerk (basiese inleiding, met moontlike spesialisering in onderwys in die kerk (kategese en onderrig aan volwassenes) en Christelike opvoedkunde (met klem op primêre en sekondêre onderwys));
(ix) Kerklike administrasie en finansies;
(x) Kinder- en jeugbediening (inleiding, met moontlike spesialisering in een van die twee);
(xi) Vrouebediening (beide aan en deur vroue) – 'n belangrike saak in kerke waar die ledetal bykans volledig uit vroue bestaan;
(xii) Multikulturele lewe, multikulturele bediening en versoening in 'n multikulturele samelewing;
(xiii) Evangelisasie;
(xiv) Sending en kerkplanting (met stedelike sending as moontlike spesialisering);
(xv) Gereformeerde belydenis en etiek;
(xvi) Christelike leierskap;
(xvii) Basiese homiletiek;
(xviii) Inleiding tot ekklesiologie (basiese inleiding en moontlike spesialisering in een of meer van die volgende: kerkgeskiedenis, sendinggeskiedenis, kerkreg, kerk en samelewing ens).

2.4.3 Oorbruggingskursusse

2.4.3.1 Agtergrond

Baie studente wat by die Teologiese Skool en die Fakulteit Teologie van die NWU aanmeld, kan nie aanvaar word nie omdat hulle matriek uitslae te swak is. Tot dusver is sulke studente gewoon weggewys met die advies om eers hulle matriek te verbeter. Dit blyk egter dat hierdie persone (waaronder individue met baie goeie potensiaal) nie weer terugkeer nie, tot groot skade vir die kerke. Toelatingstandaarde kan nie verlaag word nie, daarom is die enigste alternatief dat weë ondersoek word om hierdie kategorie voornemende studente optimaal te bemagtig om aan die toelatingstandaarde te voldoen – wat ons by brugkursusse bring.

2.4.3.2 Inhoud van brugkursus

In die afgelope tyd is die moontlikheid van 'n brugkursus ondersoek. So 'n brugkursus moet al die nodige komponente bevat wat enersyds nodig is vir die verwerwing van matrikulasie vrystelling, en andersyds vir toelating tot BTh en Kandidaats 1. Die volgende mag dien as moontlike inhoud van so 'n brugkursus (die verskillende vakke word reeds deur die NWU aangebied):

(i) Basiese taalvaardighede in Engels en Afrikaans
(ii) Die Akademiese Geletterdheid module vir risikostudente (AGLA111)
(iii) Basiese Wiskunde
(iv) Lewensvaardigheid
(v) Bestuur van kultuur

2.4.3.3 Verwagte proses

Vir die registrasie van so 'n brugkursus moet dokumentasie soortgelyk aan dié vir die registrasie van enige nuwe program voltooi word deur die koördineerder van die Teologie Brugkursus. Die dokumentasie word opgestel in oorleg met die NWU se Akademiese Steundienste. Die kursus moet deur die Fakulteitsraad

goedgekeur word, mede op grond van eweknie verslae. Daarna loop die dokumente die pad van IKAS, en moet dan deur die Institusionele Senaat van die NWU goedgekeur word en by die Onderwys liggame geregistreer word. Indien alles volgens plan verloop, kan die proses teen September 2009 voltooi wees, sodat die eerste studente aan die begin van 2010 vir die brugkursus kan inskryf.

2.4.3.4 Toelating tot brugkursus

Kandidate wat oor matriek beskik maar nie volle vrystelling het nie, of nie voldoen aan die Fakulteit Teologie se toelatingsvereistes nie hoewel hulle andersins kwalifiseer, word voorwaardelik as NWU- en Kandidaatstudente toegelaat tot die eerste semester, en registreer vir die brugkursus. Hulle deurloop ook die gebruiklike keuringsproses (psigometriese en toelatingstoetse).

Die brugkursus duur albei semesters van die eerste jaar, en studente volg die kursus as voltydse studente op kampus in Potchefstroom. Studente voltooi 70% van die kursus in die eerste semester, en 30% in die tweede semester. Indien hulle die eerste semester slaag, word hulle voorwaardelik toegelaat vir die tweede semester van die brugkursus en mag hulle ook enkele geselekteerde modules van die BTh (en Kandidaats 1) volg.

Studente wat beide semesters van die brugkursus slaag, ontvang volle matrikulasie vrystelling, en indien die geselekteerde modules van die BTh ook geslaag word, ontvang hulle toelating tot die res van die BTh en Kandidaats program sonder dat verdere vereistes gestel word. Studente wat via die brugkursus toelating kry tot die BTh en Kandidaats program, voltooi die gebruiklike drie-jaar program dan in vier tot vier en ‘n half jaar. Dit het ook implikasies vir finansiële ondersteuning van sodanige studente, wat dus tot ‘n maksimum van sewe of sewe en ‘n half jaar ondersteuning nodig het.

Die brugkursus kan nie telematies aangebied word nie, maar slegs deur voltydse studente op kampus in Potchefstroom gevolg word. Studente wat beoog om by ander instellings as in Potchefstroom te studeer of via telematiese onderrig, kan deur die FET kolleges in hulle omgewing inskryf vir ‘n kursus om hulle matriek resultate te verbeter en sodoende te voldoen aan die toelatingsvereistes.

2.4.4 Preekhulpe

In 2.1 hierbo is reeds verwys omstandighede in kerke afkomstig uit die voormalige Sinode Middellande, spesifiek met verwysing na voorgangers in eredienste op Sondag.

Dit is duidelik in terme van veral KO, art 3 dat die optrede van preekhulpe in eredienste op Sondag problematies is binne die Gereformeerde Kerkreg. Tog mag dit nie uit die oog verloor word dat die optrede van hierdie broeders ‘n wesenlike en noodsaaklike deel van die kerklike lewe van veral swart kerke is nie.

Die Kuratore wil graag meer uitgebreid nadink oor hierdie saak voordat konkrete voorstelle gemaak word. Konsultasie met Gereformeerde Kerke in die buiteland kan hierin van groot waarde wees. Die *Gereformeede Kerken (Vrijgemaakt)* in Nederland het byvoorbeeld tydens hulle Sinodesitting in Zwolle in September 2008 ‘n besluit geneem waarvolgens preekkonsent ook toegeken word aan persone wat nie studente in die teologie is nie (aangeheg as Bylae 1). Hierdie besluit, en moontlike ander besluite van ander Gereformeerde kerkverbande, mag moontlik as rigtingwysers dien vir die diskussie binne die GKSA.

Besluit: Kennis geneem van 2.1 tot 2.4.4.

3. Aanbevelings

3.1 neem kennis van 1 (Opdrag), asook die besluite van Sinodes 2003 en 2006 wat hiermee verband hou.

Besluit: Goedgekeur.

3.2 neem kennis van 2.1 (Inleiding)

3.3 neem kennis van 2.2 (Noodsaaklike definisies)

3.4 stel Deputate aan vir hulp aan kerke met die uitdra van die Evangelie wat die sake genoem in 2.1 en 2.2, asook die besluite van Sinode 2003 en 2006 wat hiermee saamhang, aan beslag gee, binne die raamwerk van Skrif, Belydenis en Kerkorde, en teen die agtergrond van die navorsing wat reeds deur die Kuratore en sy Teologiese Opleiding vir Afrika-kommissie gedoen is, na oorleg met ander relevante instansies.

Besluit: Goedgekeur. Daar word aanbeveel dat Deputate vir hulp aan kerke met die uitdra van die Evangelie benoem word. Moontlike opdragte aan die Deputate:

1. **Om sake in die Rapport vermeld, (veral 2.1 en 2.2) asook die besluite van die Sinode 2003 en 2006 wat hiermee saamhang, te ontwikkel en te implementeer binne die raamwerk van Skrif, Belydenis en Kerkorde (vgl 3.4).**
2. **Die ontwikkeling en implementering van hulp aan kerke met die uitdra van die Evangelie te laat geskied teen die agtergrond van die navorsing wat reeds deur die Kuratore en sy Teologiese Opleiding van Afrika-kommissie gedoen is, na oorleg met die ander instansies soos in 3.13, vermeld (vgl 3.4).**
3. **Om Mukhanyo Theological College, College ya Mojadi, Nqutu Reformed Seminary, Dumisanie Theological Institute en die Center for Reformational Urban Ministry in Africa (CRUMA) te versoek om saam te werk in die ontwikkeling en aanbieding van teologiese programme en moontlike ander kursusse (vgl 2.4.1, en besluit van Sinode 2006:809, 23.4 oor in- en uittree vlakke) wat tegelyk deur ander geakkrediteerde, geregistreerde akademiese inrigtings erken kan word (vgl 3.13).**
4. **Om te help (saam met die medewerkers) om Gereformeerde Teologiese opleiding en opleidingsmateriaal vir kerkleiers en gemeentes in Afrika beskikbaar te stel as deel van die Koninkrykstaak van die GKSA (vgl 3.20).**

3.5 neem kennis van 2.3.1 (assessering van doserende en/of fasiliterende personeel aan instellings buite Potchefstroom wat gemoeid is met kandidaatsopleiding)

3.6 versoek die professor in Missiologie, die Senaat van die TSP en die Kuratorium om die gesprek voort te sit oor die missionêre gerigtheid van die totale teologiese kurrikulum (2.3.2 teen die agtergrond van 2.2.1 en 2.2.2)

3.7 neem kennis van 2.3.3 (navorsing oor mentorskap, spiritualiteit en geestelike leierskap)

3.8 neem kennis van 2.3.4 (geestelike verhoudings en voogskap)

3.9 beveel die voogstelsel aan by instellings anders as Potchefstroom wat gemoeid is met kandidaatsopleiding (2.3.4)

3.10 neem kennis van 2.3.5 (eerste of sewende jaar van internskap)

3.11 aanvaar die voorstel in 2.3.5 insake praktiese ure en assessering van praktiese werk, en versoek die Kuratorium, die Senaat van die TSP en die Fakulteit Teologie (NWU) om hieraan uitvoering te gee;

3.12 neem kennis van 2.4.1 (akkreditasie)

3.13 versoek *Mukhanyo Theological College*, *College ya Mojadi*, *Nqutu Reformed Seminary* en die *Center for Reformational Urban Ministry in Africa* (CRUMA) om met die Deputate vir hulp aan kerke met die uitdra van die Evangelie saam te werk in die ontwikkeling en aanbieding van teologiese programme en moontlike ander kursusse (2.4.1 en besluit van Sinode 2006 [809, 23.4] oor in- en uittree vlakke) wat tegelyk deur ander geakkrediteerde, geregistreerde akademiese inrigtings erken kan word, byvoorbeeld tov die toekenning van sertifikate, diplomas of grade.

3.14 neem kennis van 2.4.2 (kurrikulum)

3.15 aanvaar die instelling van ‘n brugkursus in teologie (2.4.3). Die Sinode versoek die Dagbestuur van die Fakulteit om in oorleg met die UK van die Senaat die kursus te ontwikkel.

3.16 keur goed dat brugstudente langer finansieel ondersteun kan word deur die kerke as studente wat direk (sonder oorbrugging) inskryf vir die BTh, tot ‘n maksimum van sewe en ‘n half jaar (2.4.3.4)

3.17 versoek die Deputate vir hulp aan kerke met die uitdra van die Evangelie om die saak van preekhulpe verder te ondersoek en teen die agtergrond van besluite in ander Gereformeerde kerkverbande voorstelle te maak aan die volgende Sinode oor maniere

waarop hierdie saak hanteer kan word wat (a) reg laat geskied aan die nood van kerke waar hierdie broeders optree en (b) voldoen aan die beginsels van die Kerkorde (2.4.4 teen die agtergrond van 2.1.1). [Die Deputate van Sinode 2006 wat gekyk het na die diens van ouderling het hoofsaaklik ondersoek of ouderlinge ook sakramente mag bedien, wat 'n wesenlike ander saak is as die een wat tans voorgestel word.)

Besluit: Goedgekeur.

3.18 versoek die Deputate vir hulp aan kerke met die uitdra van die Evangelie om die sake genoem in hierdie Rapport wat op hulle betrekking het te monitor, sake voortspruitend te hanteer en aan die volgende Sinode hieroor verslag te doen

Besluit: Goedgekeur.

3.19 versoek die Kuratore om toe te sien dat die opleiding van predikante deur die GKSA as 'n kerklike saak deurlopend in die strategiese beplanningsproses van die TSP geëvalueer sal word teen die agtergrond van verwikkeling op tersiêre onderwysvlak

3.20 versoek die Deputate vir hulp aan kerke met die uitdra van die Evangelie om saam met medewerkers, en tot die mate waarin dit moontlik is, te help om Gereformeerde teologiese opleiding en opleidingsmateriaal vir kerkleiers en gemeentes in Afrika beskikbaar te stel, as deel van die koninkrykstaak van die GKSA (2.1.3).

Besluit: Goedgekeur.

1.5.1 **Rapport van Subkommissie Teologiese Opleiding in Afrika: KO, art 19**

1. Opdrag

Om in die lig van KO, art 19 te ondersoek hoe struikelblokke uit die weg geruim kan word en moontlike foutiewe persepsies reggestel kan word ten einde die getal inskrywings van studente uit veral swart kerke te verbeter.

Besluit: Kennis geneem.

2. Uitvoering

Die Kommissie het op 27 Oktober 2008 vergader en hou hulle bevinding en aanbevelings in die volgende vier groeperinge aan u voor.

2.1 *Die beeld van die TSP*

'n Nuwe geslag jongmense het groot geword wat nie regtig Potchefstroom, die TSP en NWU ken nie. Vir baie is dit 'n veraf, onbekende grootheid wat 'n struikelblok in die oorweging van teologiese studies kan wees. 'n Bepaalde program van bemarking behoort dus geloods te word wat onder meer aan die volgende drie sake aandag gee:

2.1.1 Dat die besoeke van die TSP aan bepaalde Klassisse so beplan word dat daar in samewerking met die kuratore van bepaalde streek besondere aandag gegee word aan die bekendstelling van die TSP en die werwing van moontlike studente. Dit kan behels dat daar in besonder op een of twee kerke gefokus word, of 'n saamtrek van enkele gemeentes.

Aanbeveling: Dat die Senaat aan die uitvoering aandag gee.

2.1.2 Dat daar vir 2009 en daarna elke jaar 'n Sondag bepaal sal word en wat vir die hele kerkverband sal geld waartydens daar in besonder op teologiese opleiding gefokus sal word. Vir hierdie geleentheid word inligting aan die kerke deurgegee en die kerke word gevra om in hulle voorbidding aan die saak van teologiese opleiding te dink. Naas die vasgestelde kollektes vir die Kas vir teologiese studente word daar vir hierdie Sondag bykomend 'n kollekte vir die Kas vir teologiese studente opgeneem.

Aanbeveling: Dat hierdie saak aan die komende Algemene Sinode voorgehou word en dat, indien dit goedgekeur word, die uitvoering aan die Toelatingskommissie opgedra word.

Besluit: Goedgekeur dat 'n bykomende kollekte vir die Kas van Teologiese Studente gevra word.

2.1.3 Dat 'n DVD saamgestel word wat sal fokus op roeping, 'n uiteensetting van die studie, gesprekke met dosente, getuienisse deur studente, die studentelewe , die geboue en die tipiese Potchefstroom omgewing. Dat hierdie DVD aan kerke gestuur sal word.

Aanbeveling: Dat hierdie saak aan die Teologiese Studentevereniging opgedra word om dit in oorleg met die Senaat uit te voer.

2.2 *Finansiële ondersteuning*

Dat die moontlikheid ondersoek word om die finansiële ondersteuning van die kerke dmv kollektes te verander deur kerke aan ‘n bepaalde student te verbind (neem ‘n student aan). ‘n Bepaalde getal kerke kry dus die inligting dat hulle hierdie student ondersteun met hulle kollektes. Hulle kry ook deurlopend terugvoering van die student self oor vordering en hy kan ook in vakansietyde vir die duur van sy studies by die kerke help met bepaalde bedieningsaspekte en later ook prediking.

Aanbeveling: Vir die uitvoering hiervan word dit aan die Beursekommissie opgedra.

Besluit: Goedgekeur.

2.3 *Deurgee van Inligting*

2.3.1 In die swart kerke speel jeugkonferensies en vrouekonferensies ‘n belangrike rol. Hierdie konferensies moet benut word om inligting deur te gee om moontlike studente tot studie in die teologie te motiveer.

2.3.2 Tydens die jaarlikse opedag van die NWU moet dit oorweeg word om ‘n “stalletjie” van die TSP te beman, asook tydens die komende 150-jarige fees van die GKSA.

Aanbeveling: Vir die uitvoering van 2.3.1 en 2.3.2 word dit aan die bestuur van die TSV opgedra, in oorleg met die Senaat.

2.4 *Verkeerde omstandighede*

Die Kommissie het bevind dat die volgende vier omstandighede ‘n belangrike struikelblok in die oorweging van voornemende studente kan wees. Getuienisse uit verskillende kerke dui daarop, alhoewel dit nog nie wetenskaplik nagevors is nie. Die regstelling van hierdie omstandighede is nie maklik te bepaal nie en verg ook ‘n langtermyn program van saaiwerk, gesprek en daadwerklike hulpverlening. Reaksies op hierdie omstandighede word as doodgewoon menslike en sondige faktore genoem, wetende dat dit die Heilige Gees is wat ongeag fisiese omstandighede roep en met entoesiasme vervul.

2.4.1 Die beeld van gemeentes: Hoewel dit goed gaan met baie gemeentes, is daar ook sommige gemeentes wat die beeld van armoede en ‘n gebrek aan lewenskragtigheid vertoon. Die vraag ontstaan of so ‘n beeld ‘n jongman met entoesiasme tot teologiese studies sal beïnvloed ?

2.4.2 Die beeld van predikante: Hoewel dit goed gaan met baie predikante is daar ook sommige predikante wat vanweë gebrekkige versorging swaar kry. Jongmanne kan vir so ‘n werk wegskram, terwyl sy vriende met groter salarisse die leer van bevordering klim.

2.4.3 Die beeld van jeugerkenning: Daar is kerke waar die jeug goed ingeskakel is en aktief aan aktiwiteite deelneem. Daar is egter ook kerke waar by jongmense onsekerheid bestaan oor die plek wat die kerke vir die jeug gee en waar daar klaarblyklik ‘n gebrek is aan fokus op die behoeftes van jongmense. Hoe kan van ‘n jongman verwag word om ‘n predikant te word in ‘n kerk waar hy as jongmens nie ingetrek word nie.

2.4.4 Die beeld van die kerkverband: Heelwat van ons jongmense is dankbaar teenoor die Here oor die kerkverband waarvan hulle mag deel wees. Ongelukkig is daar ook jongmense wat ‘n negatiewe beeld van die kerkverband het – een van negatiwiteit, konflik en ‘n gebrek aan opgewondenheid. ‘n Jongman uit laasgenoemde groep sal hom baie moeilik as teologiese student in so ‘n “stryd” wil inlaat.

Aanbevelings: Dat die Kuratore in hulle Kuratoreverslag by die Streeksinodes oor hierdie uitdagings begin praat en daarna as moontlike inhiberende faktore verwys.

Besluit: Goedgekeur.